
## 237 Kom en loof tog sonder end




Hier is Hy in Vlees en Bloed,
hier is Hy die hoogste Goed,
onse siele sal gesterk word,
en deur Hom behoed;
onse siele sal gesterk word,
en deur Hom behoed.

Seën ons, o Heer en God,
wondervolle Hemelbrood,
o, beskerm ons en bewaar ons,
help in al ons nood;
o, beskerm ons en bewaar ons,
help in al ons nood.

Here, hoor ons smekings aan,
soos U alletyd gedaan,
toe gelowig met vertroue,
ons tot U gegaan;
toe gelowig met vertroue,
ons tot U gegaan.

Onbekend Onbekend